**Sondag 26 Maart**
**Skrifgedeelte: Matteus 5:1-12**
**Fokusgedeelte: Matteus 5:3 (AFR53/83)**
**Die Grondwet van die Koninkryk leer dat die armes van gees uitermate gelukkig is.**

"Salig" beteken letterlik om uitermate gelukkig, vol te wees met geluk, om geluk te vind wat nie van verbygaande aard is nie maar wat ewige geluk is. En nie omdat dit om ons geluk bo alles gaan nie, maar omdat hierdie geluk die gevolg daarvan is dat jy as verloste kind van God na sy wil en tot sy eer leef.

In die saligsprekinge openbaar Christus aan ons die wil van God vir ons verloste lewe. Daarom word die saligsprekinge die grondwet van die koninkryk van God genoem. En die verrassende van hierdie eerste saligspreking is dat ware, ewige geluk by 'n spesifieke soort armoede begin. Die wêreld reken 'n mens is uitermate gelukkig as jy ryk en onafhanklik van enigiemand anders is, as jy niemand in die oë hoef te kyk vir iets nie, maar vir jouself kan sorg.

Christus sê dit is nie waar nie, die teenoorgestelde is waar. Die Griekse woord wat hier vir "arm" gebruik word, dui op iemand wat 'n bedelaar is, wat in sulke uiterste ellende verkeer dat hy nie in staat is om homself uit die armoede te red nie. "Arm van gees" beteken dit is iemand wat in sy gemoed arm voor God is. Iemand wat met leë hande soos 'n hulpelose voor Hom staan en van Hom alles vir die lewe en vir redding verwag. Dit is die mens wat deur die Heilige Gees se werking op die punt gekom het in sy/haar lewe om te besef hulle kan hulle eie lewe nie beheer nie. Jy is moedeloos met jou eie pogings, eie probeerslae en een mislukking na die ander.

Eers as jy só arm van jou eie gees en eiewaan geword het, kan jy vol word van die Heilige Gees en deur Hom besef jy hoe volkome afhanklik jy van God is, dat alleen Christus se soendood jou kan red. Hy alleen kan my uit my armoede red, omdat Hy arm geword het deur die rykdom van die Vaderhuis agter te laat om mens te word en aan die kruis vir my te sterf. Alleen sy Vader, wat ter wille van Hom ook my Vader is, kan elke dag vir my sorg, en ter wille van Christus het ek die rykdom dat ek 'n erfgenaam van God se Koninkryk is.

*Sing: Skrifberyming 11-3:1*
*Ds. CJJ Putter (Jaco) (Potgietersrus)*